

Psalm 89:2 – Ek sal altyd lieder sing oor die Here wat so goed is vir my omdat Hy my liefhet. Ek sal vir almal wil vertel dat 'n mens U altyd kan vertrou.

Ons neem so baie dinge as vanselfsprekend. As ons iets goeds of moois ontvang, dink ons baie keer dit is ons reg of ons verdien dit. Mense wat so leef, is ook baie bewus daarvan as hulle iets misloop en het ook die geneigdheid om net nog meer en meer te wil hê. In hulle koppe en harte verdien hulle dit mos. Daar is 'n ander ingesteldheid waarmee 'n mens kan leef wat jou eie lewe en die van almal om jou baie verryk. Dit is om te leef met 'n ingesteldheid van dankbaarheid. Dit is om te leef met 'n fokus op wat jy het eerder as dit wat jy nie het nie. Dan waardeer 'n mens klein dingetjies in die lewe. Dan is jy 'n tevrede mens wat oorloop van dankbaarheid. Daardie dankbaarheid in jou hart spoel oor na ander mense en verryk alles en almal om jou. Hoe spesiaal is die Here se liefde vir jou? Raak dit jou nog diep as jy dink wie jy werklik is en dat Hy jou ten spyte daarvan lief het – onvoorwaardelik en innig? Loop jy oor van dankbaarheid as jy daaraan dink dat Jesus in jou plek aan die kruis gesterf het en vir jou 'n nuwe lewe verseker het? Raak jy opnuut dankbaar vir God se liefde en glimlag oor dy goedheid en guns.

As daar geen God was nie, sou ons 'n dankbare hart in hierdie wonderlike wêreld gehad het, sonder om te weet vir wie om dankie te sê. – Christina Rossetti

Gebed: Here, vergewe my dat ek so gereeld ontevrede en ongelukkig is. Vandag loop my hart oor van dankbaarheid omdat U my onvoorwaardelik lief het. Dankie, Here!

Bron: Christelike Uitgewersmaatskappy

Ek dink vandag stap 'n ieder en 'n elk met 'n dankbare hart rond oor die strome van seën van bowe...

Dawid het gesê: "Ek sal die Here altyd weer prys, sy lof sal op my lippe wees."

Ek deel graag met julle iets oor 'n dankbare hart wat ek gevind het op Maroela Media:

<http://maroelamedia.co.za/goeiegoed/stiltetyd/gedagte-vir-die-dag-leef-met-n-dankbare-hart/>

NUUSKRUMMELS: 08 JUNIE 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

DINAMIET KIEDZ



Sondag, 11 Junie kom ons maatjie "**Helpmy Uitdiemoeilikheid**" weer om te gesels oor Redding 911



Die Brandweer kom vir ons Kiedz kuier en dit sal baie spesiaal wees as ons pakkies koekies vir die brandweermanne en personeel kan saamstuur om dankie te sê vir hul wonderlike werk en opoffering ♥



BOBOTIE & GEELRYS KUIER:

KOM KOOP JOU KAARTJIES NOU! Heerlike **AANSIT-ETE** op 23 Jun. '17



Ons wil dit 'n gesellige saamkuier maak met heerlike Bobotie en Geelrys + groente + smaaklike poeding vir slegs R50-00. Pak asb 'n mandjie met jul eie bord, poedingbakkie, eetgerei, glas en drinkgoed. Om die aand verder op te vrolik, gaan daar wonderlike verrassings, gelukkige trekkings, en 'n **Countrysanger met sy kleindogter wees wat ons behoorlik gaan vermaak** 🎵🎵




Kontak asseblief die kerkkantoor (021 853 5991) vir kaartjies.

Indien jy nie die kaartjies kan kom afhaal nie, maak ons alternatiewe reëlins. Daar is net 'n beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar.

KAARTJIES sal beskikbaar wees tot 15 JUNIE @ 12h00

Help ons asseblief om 'n sukses van die aand te maak!!!





HOE VIND JY DIE NUUSKRUMMEL, KOERANTJIE EN SONDAGNUUS OP ONS WEBWERF?

Gaan na www.lourensrivier.co.za en op die voorblad aan die regterkant sal jy dit vind onder "Nuusblaaie"

OF klik op "Inligting" op die voorblad bo aan die webwerf

NB. Indien jy graag die opsommings van Ds Botes wil hê van ons Pinksterreeks oor "My houding in my verhouding" kan dit ook op ons webwerf gevind word. Ctrl+Klik hier:

<http://www.lourensrivier.co.za/index.php/inligting/nuus/400-houding-in-my-verhouding>

SNUFFELMARK:

Sedert 16 jaar gelede het die Snuffelmark, wat klein begin het, tot 'n hoogs suksesvolle diensaksie gegroei. Elke jaar werk ons vir 'n gemeenteprojek. Die laaste Woensdag van elke maand word sowat 30 tafels in die kerksaal vol gepak met goedere wat deur gemeentedelede geskenk word. *So kry baie artikels wat in huise in onbruik is, nuwe lewe!* Die jas op foto (regs) het die dame gemaak uit 'n klomp gehekelde lappies wat iemand vir die Snuffelmark geskenk het 🎵

16 Gemeentevroue woeker met mening. Ons het ook 'n uitreikprogram. Deur die jare is baie persone en instansies (waar daar nood is) onder ons aandag gebring. Dit is 'n groot voorreg om gereeld aan hulle te skenk.

Ons is dankbaar dat ons onlangs R80 000 kon bydra tot aanbouings en geriewe vir gestremdes.

Ons het groot waardering vir almal wat so ruim bydra om van die mark 'n sukses te maak. **Baie dankie.** Tans is daar 'n tekort aan KOMBUISSWARE, BEDDEGOED, LINNE, ens.

'n Spesiale dank ook aan ons koster (Wessel) en sy helpers, Victor en Rose. Sonder hulle hulp sou ons nie die mas kon opkom nie.



Groot dank ook aan die ons Hemelse Vader vir die krag om die taak te verrig. Snuffelmarkgroete van ons groepie.



NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

SOETERUS MINI MARK!!!

7 JUNIE 2017: 14h00 – 15H00

PIZZA SKYWE @ R12

SLAP TJIPS @ R15

TUISGEBAKTE BRODE @ R20

2de HANDSE KLERE

ETE VAN DIE DAG @ R45 (etes kan tot 18h00 afgehaal word)

BESPREEK ASB VOORAF BY ONTVANGS

Vir enige navrae en besprekings, kontak Marietjie Vivier (ontvangsdame) by 021 853 7423



KNIEWERK:

- ✚ Bid vir waterkrisis & brande, bid vir SA en volkome toewyding aan ons Here. Dankie Heer vir reën wat reeds geval het!
- ✚ Kankerbehandeling: Paul Louw; Owen Wallis; Amanda Vosloo; Sannie le Roux; Annette Laten
- ✚ Ons innige meegevoel met Spyker, Emma en Jandre met die heengaan van Retha
- ✚ Ons innige meegevoel met Tollie de Villiers met die heengaan van haar man, Hekkie
- ✚ Carel Smit terug in Spescare
- ✚ Monica Lambrechts terug in HJS (met kanker gediagnoseer)
- ✚ Anna vd Westhuizen terug in HJS (been geamputeer)
- ✚ Arno Geldenhuys vir gesondheid
- ✚ Christine Steenberg herstel na hospitalisasie
- ✚ Breggie Singleton vir gesondheid
- ✚ Jolize Voges gaan Maandag, 12/6 vir knieërvanging

TERUGVOERING/GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

- ✚ Jan Volschenk is terug by die huis, dankie Here, maar ons bid nog vir volkome herstel en genesing.
- ✚ Helen Viljoen terug by die huis (dit gaan baie beter, dankie Here)

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 11 JUNIE SE BOODSKAP: Psalm 8 (TRINITEITSONDAG EN DIE WEEK DAARNA)

Ons begin nou na Pinksterfees die seisoen van Koninkryktyd in die kerk, wat strek tot voor Adventstyd. In hierdie seisoen word God se koninklike heerskappy en handeling in elke faset van ons lewe en in die wêreld op baie maniere en met verskeie geleenthede gevier.

Psalm 8 besing die grootheid van die Here en eer God vir wat Hy gedoen het en vir Wie Hy is. God dink aan die mens en Hy versorg die mens. Dit gee die mens 'n groot stuk vryheid – God het dit vir hom gegee. Maar onthou: “Vryheid bring verantwoordelikheid.” Ons as mens kan nie maak en breek en gebruik van die aarde soos wat ons wil nie, nee, soos konings, wat verantwoordelikheid het, wat namens God optree as sy verteenwoordigers, moet ons met die diere en see en die lug en die grond waarop ons bly, omgaan. Die manier van “heers” is nie afbreek en uitroei nie, maar eerder om daarvoor te sorg.

Die mens het eer en aansien (6b), van God ontvang (Rom. 3:27; 1 Kor. 4:7). Die mens se hoogste aansien is daarin geleë dat hy aangestel is as God se plaasvervanger hier op aarde, om namens God te heers oor sy skepping (7-9). Hy is hier as beeld, as verteenwoordiger van God (Gen. 1:26 – 28). Daarom moet ons waarlik die “Imago Dei” wees, **die beeld van God**. Soos wat God die aarde wil versorg, moet ons sy hande en voete en oë en ore wees in hierdie versorgingsproses en terselfdertyd vir Hom prys as die heilige Skepper God, die Koning, die Heerser. Aan Hom al die eer!

Lina Spies skryf hierdie Psalm as volg:

1. O, Here God, u Naam is groot op aarde! U hemelruim strek tot die verste eindere: Waar menseoë geen stippel meer gewaar, daar straal en skyn nog steeds U majesteit.
2. Na U, die God so hoog bo ons verhewe, styg daar 'n lied van dank, U Naam ter ere! U lof uit kindermonde klink alom: U haters swyg, U lasteraars verstom.
3. Sien ek die maan, die sterre in hul bane, weet ek, O Heer, hul dra u vingermerke: hul skryf U Naam al glinst'rend in hul gang; hoe klein voor U die mens, hoe sonder rang.
4. Hoe is dit dan dat U tog na ons omsien, die brose mens omstraal met u nabyheid? U maak ons sterk, u kroon ons met u glans: Ons hoort by U en word deur U omskans.
5. U stel ons aan oor al u werke, Here, oor als wat vry en selfs verborge lewe: die voëls wat in die ruim hoog oor ons sweef, die vis wat speel in dieptes van die see.
6. O, Here God, u Naam is groot op aarde! U hemelruim strek tot die verste eindere: Waar menseoë geen stippel meer gewaar, daar straal en skyn nog steeds u majesteit !

Louie Giglio: Our God is Indescribable.... <https://www.youtube.com/watch?v=aVsqCLyoU3o>

(DVD met die hele praatjie is by CUM boeke beskikbaar of op Youtube)

Chris Tomlin sing Indescribable - <https://www.youtube.com/watch?v=ohmA9fPEpe4>

Jackie@Lourensrivier

OORGEE, OMGEE, AANGEE

